VRYPOS

Weeklikse Nuusbrief van die **NG Kerk Vrystaat**

Jaar 13 - Uitgawe 20

Kontak ons:
kerkinfo@ngkvs.co.za
www.ngkerkvrystaat.co.za

26 Junie 2015

Mag elke leser van Vrypos gedurende hierdie wintervakansie, net daar waar julle mag wees, ook 'n stilhouplekkie vind, genade kry en rustig raak…

Geniet die vakansie, reis veilig… ons gesels DV weer op 23 Julie 2015.

1. NG KERK VRYSTAAT JUBELJAAR FOTOKOMPETISIE: Ons bring weer hierdie kompetisie onder alle belangstellendes se aandag. Die hooftema is ***Klippe en Stene Jubel dit uit!***, met drie kategorieë, naamlik:

- Kerk in Omgewing
- GemeenskapArgitektuur en Simboliek
- Lig en Skadu's

Almal wat 'n liefde het vir fotografie, argitektuur, kuns en die estetiese, is welkom om in te skryf - daar is geen ouderdomsbeperking nie. Naasbestaandes (kinders, afhanklikes en eggenotes) van die beoordelaars van die Jubeljaar Fotokompetisie, mag nie deelneem nie. Klik **hier** vir die **advertensie** - **meer inligting, sowel as die reëls** van die kompetisie is **hier** beskikbaar. Alles hieroor word ook op die NG Kerk se *Facebook*-blad (**https://www.facebook.com/events/1531858117036761/**), aangedui en alle foto's wat ingeskryf word, gaan ook **híér** geplaas word – **die sluitingsdatum vir inskrywings is 31 Julie 2015.**

2. NOORDHOEK MARK: Die **NG Gemeente Noordhoek** begin op **Saterdag 4 Julie 2015** met hierdie mark by hul kerkgebou (geleë te David Fouriestraat, Noordhoek) en daarna elke eerste Saterdag van die maand, **vanaf 08:00 tot 15:00** - dit verskil so 'n bietjie van ander markte. Die *Noordhoek Mark* wil bydra tot die *ekonomiese bemagtiging van die gemeenskap* in die noorde van die stad. Daar is twee komponente: enigeen kan **tweedehandse artikels** wat stof by die huis vergader, van die hand kom sit en elkeen wat sy inkomste wil aanvul, kan '**n stalletjie** kom opslaan. Daar is reeds sowat 20 mense wat aangedui het dat hulle in 'n stalletjie belangstel. Enige navrae kan aan ds Zachie le Roux gerig word by 083 799 5911.

3. KINDERBEDIENINGKONFERENSIE: *Paidion Kinderbediening* bied op **Saterdagoggend 15 Augustus 2015** sy **eerste Kinderbedieningkonferensie in die Vrystaat** aan. Dit vind by die **NG Gemeente Hospitaalpark, Bloemfontein** (geleë te Mayostraat 53), plaas. **Die fokus van die konferensie is om totaal nuut oor kinders en kinderbediening te dink en te doen**. Die temas is: 1) *Opspraakwekkende navorsing oor en implikasies vir die geloofsvorming van die kind* (onder andere oor die rol van die media, skool en ouers in hulle kinders se geloofsvorming), 2) *Opspraakwekkende navorsing oor en implikasies vir gemeentegroei deur*

kinderbediening, 3) *Vertoon, verduideliking en demonstrasie van kinderkerk-/ kategesemateriaal* en, 4) *Inligting oor die eenjarige Paidion Kinderbediening Sertifikaatkursus*. **Nadere besonderhede en verkryging van inskrywingsvorms sal in die week ná die Julie-skoolvakansie in *Vrypos* bekend gestel word.** Kragtens 'n borg uit die NG Gemeente Hospitaalpark, sal die eerste getal vroeë inskrywings gratis geborg word.

4. VERTONING VAN CHRISTELIKE FILMS: Bloemfonteiners en enige ander belangstellendes, se aandag word gevestig op die volgende film wat by Northridge Mall gewys gaan word. Die film se naam is, ***God's not dead***, klik **hier** vir meer inligting. 'n **Voorvertoning** van hierdie film vind op **Donderdag 25 Junie 2015** plaas en die amptelike **uitreikdatum is 17 Julie 2015.**

5. VAKATURES:

- **LERAAR (VASTETERMYN, KONTRAK):** Die **NG Gemeente Petrus Steyn** beskik oor hierdie vakature - die termyn van die pos is drie jaar met die opsie om dit met twee jaar te verleng, klik **hier** vir meer besonderhede. **Die sluitingsdatum vir aansoeke is 31 Julie 2015.**
- **LET OP VIR VAKANTE POSTE ONDER HERHALINGS (pt 6) – sommige sluitingsdatums is gedurende die skoolvakansie!**
- Vir die amptelike bekendmaking van **vakatures vir predikante** deur *Kerkbode*, gaan na **www.kerkbode.co.za** – **klik** dan op ***Meer - Vakatures.***

6. NB! HERHALINGS VAN BERIGTE: Kennisgewings en inligting wat in 'n vorige uitgawe van *Vrypos* verskyn het, word **hier** vir jou gerief herhaal.

7. VERJAARSDAE: Baie geluk aan die leraars wat gedurende die komende week, asook gedurende die vakansie, hul verjaarsdae vier – mag die nuwe lewensjaar vol vreugde, genade en liefde wees:

26 Junie:
Ds Hein Bertram - KOFFIEFONTEIN - 053 205 0018, 072 147 5275, **mooiwiele@gmail.com**

27 Junie:
Ds Tertius Lamprecht - BETHLEHEM-EFRATA - 058 303 4894, 082 499 0590, **tertiuslamprecht@gmail.com**

30 Junie:
Ds Carlie Schiel - DENEYSVILLE - 016 371 1409, 082 222 1634, **carlieschiel@gmail.com**

1 Julie:
Dr Gerhard Botha - SHEPHERD & NG HEUWELSIG - 083 440 4544, **bothagp@ufs.ac.za**

4 Julie:
Ds Riaan van Zyl - BETHLEHEM-WES - 058 303 2511, 083 388 3640, **riaan.vanzyl@connix.co.za**
Ds Jaques Louw - HOOPSTAD - 053 444 1021, 082 487 7061, **jacques.louw@absamail.co.za**

6 Julie:
Ds André Smit - BULTFONTEIN - 051 853 1315, 082 578 4700, **awsmit@telkomsa.net**

11 Julie:
Ds Riaan Stander - LANGENHOVENPARK - 051 446 1131, 082 665 8478, **myposduif@telkomsa.net**

13 Julie:
Ds Christo Nel - RIEBEECKSTAD - 057 388 4484, 076 943 2006, **soekie@lantic.net**

14 Julie:
Ds Peet Louw - RIEBEECKSTAD-ERFDEEL - 057 388 4533, 084 522 0079, **pjlouw@2mail.co.za**

19 Julie:
Ds Pieter Cockeran - HARRISMITH - 076 411 1190, **pcockeran@gmail.com**

20 Julie:
Ds WP du Plessis - EDENBURG - 051 743 1656, 071 509 2506, **willempdup@gmail.com**

8. TEN SLOTTE: *Aan die einde van die 2de kwartaal, los ek julle met die bekende woorde van Koos du Plessis se "Gebed"...*

Gebed
~Koos du Plessis~
Laat my nooit die grond verlaat nie.
Laat my in U skadu bly.
Gee dat elke aardse vreugde en vrees,
eindelik nietig word vir my.
Elke afdraai paadjie ken ek.
Elke keer het ek verdwaal.
Elke keer het u my iewers kom haal.
Maak dit Heer, die laaste maal.
Elke dag is n gedagte.
Elke kamer net gehuur.
Elke aardse droom van rykdom en roem,
net n skadu teen die muur.
Wat ek is, is net genade.
Wat ek het, is net geleen.
Eintlik smag ek na U waters van rus.
Lei my Heer vanaand daarheen.

Groetnis, tot volgende kwartaal…

THEA BOSMAN
Samesteller/Redaksioneel: **kerkinfo@ngkvs.co.za**
Kommunikasie - NG Kerk Vrystaat
Tel: 051 406 6719
Faks: 086 502 0821

INDIEN U OP ***VRYPOS*** WIL **INTEKEN**, KLIK **hier** **(meld asseblief ook u gemeente/dorp)**

AS U ***VRYPOS*** WIL **KANSELLEER**, KLIK **hier** **(dit sal 'n fout wees!)**

Gee gerus vir ons terugvoer oor *Vrypos* by **kerkinfo@ngkvs.co.za** – stuur ook enige nuusgebeure, ensovoorts na hierdie adres.

VRYWARING / DISCLAIMER – Klik **hier**

VERTONING VAN GEESTELIKE FILMS:

Volgende vertoning @ Northridge Mall, Bloemfontein @ R35 per kaartjie – blokbesprekings welkom vir 20 persone of meer. Vir besprekings, kontak northridge@epiccinemas.co.za, of skakel 051 433 1080.



Hoe ver sal jy gaan… om jou geloof in God te verdedig?

Present-day college freshman and devout Christian, Josh Wheaton (Shane Harper), finds his faith challenged on his first day of Philosophy class by the dogmatic and argumentative Professor Radisson (Kevin Sorbo). Radisson begins class by informing students that they will need to disavow, in writing, the existence of God on that first day, or face a failing grade. As other students in the class begin scribbling the words "God Is Dead" on pieces of paper as instructed, Josh find himself at a crossroad, having to choose between his faith and his future. Josh offers a nervous refusal, provoking an irate reaction from his smug professor.

Radisson assigns him a daunting task: if Josh will not admit that "God Is Dead," he must prove God's existence by presenting well-researched, intellectual arguments and evidence over the course of the semester, and engage Radisson in a head-to-head debate in front of the class. If Josh fails to convince his classmates of God's existence, he will fail the course and hinder his lofty academic goals. With almost no one in his corner, Josh wonders if he can really fight for what he believes. Can he actually prove the existence of God? Wouldn't it just be easier just to write "God Is Dead" and put the whole incident behind him?

GOD'S NOT DEAD weaves together multiple stories of faith, doubt and disbelief, culminating in a dramatic call to action. The film will educate, entertain, and inspire movie-goers to explore what they really believe about God, igniting important conversations and life-changing decisions. GOD'S NOT DEAD features a talented cast of actors including Kevin Sorbo (SOUL SURFER,HERCULES, ANDROMEDA), Shane Harper (GOOD LUCK CHARLIE, HIGH SCHOOL MUSICAL 2), David A.R. White (BROTHER WHITE, REVELATION ROAD and JERUSALEM COUNTDOWN), and Dean Cain (LOIS & CLARK: THE NEW ADVENTURES OF SUPERMAN), with special appearances by Christian super-band Newsboys and "Duck Dynasty's" Willie and Korie Robertson.

TERUG NA INHOUD

VAKATURE – LERAAR (VASTETERMYN, KONTRAK), NG PETRUS STEYN:

Die termyn van die pos is drie jaar met die opsie om dit met twee jaar te verleng:

1. **Gemeenteprofiel:** Die NG Gemeente Petrus Steyn is 'n plattelandse gemeente in die Oos-Vrystaat, sowat 90 km van Bethlehem, asook 90 km vanaf Sasolburg. Die gemeente het 297 belydende lidmate en 45 dooplidmate wat 'n bejaardesorgsentrum met +-60 inwoners insluit.

2. **Leraarsprofiel:** Hulle is op soek na 'n dinamiese en Geesvervulde leraar wat:
   a) 'n toegewyde gelowige is wat die Here liefhet en dien;
   b) geroepe is vir bediening in 'n plattelandse gemeente en hoë waarde aan huisbesoek heg;
   c) oor leierseienskappe beskik met goeie menseverhoudings wat na lidmate op alle sosiale vlakke en ouderdomme kan uitreik;
   d) verdere pligte soos omskryf in Art 9 van die Kerkorde kan verrig en,
   e) 'n gelegitimeerde leraar van die NG Kerk is.

3. **Vergoeding:**
   a) 'n Vergoedingspakket sal volgens sinodaleskaal onderhandel word.
   b) Huisvesting is beskikbaar.

4. **Aansoeke:**
   a) Aansoeke moet vergesel word van 'n CV, bestaande uit drie bladsye met verwysings.
   b) Kandidate moet besikbaar wees vir 'n onderhoud en 'n moontlike preekbeurt.
   c) Aansoeke kan gepos word na NG Kerk Petrus Steyn, Posbus 117, Petrus Steyn 9640, of stuur per e-pos na ngpetrussteyn@gmail.com, of faks na 058 871 3260.
   d) Verdere navrae kan gerig word aan ouderling Ben Cronjé, sel 078 701 8387, of die Konsulent, ds Marius Barnard, sel 072 601 3488.

5. **Sluitingsdatum:** 31 Julie 2015, diensaanvaarding so spoedig moontlik na ooreenkoms.

TERUG NA INHOUD

HERHALINGS:

INHOUD:

1. GEMEENTES BIED AAN:

- **NG GEMEENTE VIRGINIA VIER 10 JAAR VAN GENADE:** Hierdie geleentheid word met 'n verskeidenheid geleenthede gevier (in 2005 word die Moedergemeente en NG Virginia-Oos een gemeente):

  Feesuitgawe Resepteboek: Die 1ste-druk A5 Resepteboeke is reeds uitverkoop – 'n A4 ringgebinde hersiene feesuitgawe met 510 oorspronklike resepte en 10 spyskaarte met 90 nuwe resepte, is nou beskikbaar @ R150 (pos en verpakking uitgesluit – gratis aflewering in Virginia-omgewing)
  Vrydag 31 Julie: 'n Musiekaand by kerslig met orrel, klavier, viole en koorsang. Na afloop hiervan, word sop, brood, wyn en biltong geniet.
  Saterdag 5 September: 'n Ma & dogter/vroue-lentetee met Izak Davel.
  Sondag 6 September: 'n Genade-lofprysingsdiens met Deon & Alex van Bloemfontein.
  Vrydag 23 Oktober: 'n Skemerkelkie met Frank Opperman as ds Tienie Benade.
  Die Feesjaar word op **Sondag 29 November** afgesluit met 'n dankseggingsnagmaal en gemeentefunksie.
  Oudlidmate en- leraars van dié gemeente, asook van die oud-gemeente Virginia-Oos, word na hierdie geleenthede uitgenooi. Vir meer navrae hieroor, kontak die skriba, Rika Haasbroek @ 057 212 5524 (k), of vir ds Kobus Vermeulen @ 082 372 6246 / 057 212 9378.

2. PASTORALE BERADINGSKURSUS:

'n Kursus oor Seksuele verslawing word op **Saterdag 1 Augustus 2015** deur prof Wentzel Coetzer te Potchefstroom aangebied. Klik **hier** vir meer besonderhede.

3. VAKATURES:

- **GEREGISTREERDE MAATSKAPLIKE WERKER:** Die **President Kruger Kinderhuis te Reddersburg**, beskik oor 'n vakante pos vir 'n Maatskaplike werker. Hierdie Kinderhuis is onder bestuur van die Gereformeerde Kerke van SA. Die posvereistes is die volgende:

  - 'n Graad in Maatskaplike werk
  - 'n Geldige rybewys
  - Aanvoeling en begrip vir kinders
  - Vermoë om kinders emosioneel te lei
  - Kennis van Kinderwet 38/05

  Stuur 'n CV en bewys van opleiding aan: Die Hoof, President Kruger Kinderhuis, Posbus 65, Reddersburg 9904, of per faks aan 051 553 0083, of per e-pos aan **kinderhuis@zipplink.co.za**. Navrae kan gerig word aan mnr I Fourie by 051 553 0086 / 083 790 5203 – **sluitingsdatum vir aansoeke is Woensdag 15 Julie 2015**.

- **LERAAR (VASTETERMYN KONTRAK):** Die **NG Gemeente Oranjeville** beskik oor 'n vakante pos en alle gelegitimeerdes word uitgenooi om aansoek te doen. Klik **hier** vir meer besonderhede – **sluitingsdatum vir aansoeke is Maandag 20 Julie 2015.**

- **TENTMAKERSPOS – NG GEMEENTE VERKEERDEVLEI:** Aansoeke word tans ingewag vir hierdie pos. Klik **hier** vir meer besonderhede – **sluitingsdatum vir aansoeke is Vrydag 31 Julie 2015.**

TERUG NA INHOUD

PASTORALE BERADINGSKURSUS - SEKSUELE VERSLAWING:

In hierdie kursus word daar veral gefokus op aspekte soos pornografie, internetseks, prostitusie, ensovoorts. Die gevare wat pornografie op die Internet asook op selfone inhou (veral ook vir ons jeug), sal ook aan die orde kom. Ons gaan ook kyk na die diepere aanleidende oorsake, soos onder andere onverwerkte emosionele pyn, wat daartoe bydra dat persone vasgevang raak, asook die vernietigende invloed wat dit op huwelike en verhoudings het. Daar word ten slotte gefokus

op die pastorale begeleidingsproses tot heling en herstel van persone wat op een of ander wyse in die strik van seksuele verslawing beland het.

Plek: Studente Hervormde Kerk, Silwerstr 19, Potchefstroom (net langs klein kragstasie)
Datum: Saterdag 1 Augustus 2015
Tyd: 08:00 – 13:00 (5x VBO punte vir leraars)
GPS koördinate: Suid: 26.41.590 - Oos: 27.5.079
Koste: R250pp (egpare R350)
Handleiding te koop (opsioneel): R160 (posgeld R40 ekstra)
Navrae en bespreking: 083660 0409 / 082 577 8810 / 018 294 7457, of e-pos **wentzel7@mweb.co.za**
Fooie kan inbetaal word by: ABSA spaarrek: 9061802135 – takkode: 335138 - Reknaam: SE Coetzer

TERUG NA INHOUD

VAKATURE – LERAAR (VASTETERMYN KONTRAK), NG ORANJEVILLE:

Hiermee word die pos vir 'n vastetermyn, kontrakleraar van die gemeente te Oranjeville bekend gestel.

GEMEENTEPROFIEL: Die NG Kerk Oranjeville is 'n plattelandse gemeente in die Vrystaat, ongeveer 65 km vanaf die Vaaldriehoek. Die gemeente bestaan uit 254 belydende lidmate en 52 dooplidmate, waarvan 98 lidmate bó die ouderdom van 60 jaar is en 58% van dié lidmate op plase woon.

LERAARSPROFIEL: Die Kerkraad en die gemeente nooi gelegitimeerde persone in die NG Kerk wat dinamies en geesvervuld is en wat minstens aan die volgende voldoen:

- 'n Toegewyde gelowige wat die Here liefhet en dien en geroepe is vir 'n bediening in 'n plattelandse gemeente.
- Oor leierseienskappe beskik met goeie menseverhoudinge wat na lidmate op alle sosiale vlakke en ouderdomme kan uitreik.
- 'n Passievolle en pligsgetroue prediker wat eredienste lei as 'n verrykende ontmoeting tussen God en die gemeente, op 'n ontspanne en informele wyse.

PLIGTE: Pligte soos omskryf in Artikel 9 van die Kerkorde kan verrig.

VERGOEDING: 'n Mededingende salaris, op 'n kontrakbasis, sal met die suksesvolle kandidaat onderhandel word, wat ook behuising sal insluit.

AANSOEKE: 'n CV moet vergesel wees van twee referente met kontakbesonderhede. Stuur aan:

- per pos: Die Saakgelastigde, Posbus 1, Oranjeville 1995
- per faks: 016 351 1705
- per e-pos: **ngkoranjeville@vodamail.co.za**

SLUITINGSDATUM: MAANDAG 20 JULIE 2015

DIENSAANVAARDING: Soos gereël by ooreenkoms.

NAVRAE EN BESONDERHEDE:
Leierouderling: Hennie Davel @ 082 800 2225
Saakgelastigde: Nunette Doyle @ 016 351 1705 (kantoor-ure Dinsdae – Donderdae 09:00 – 13:00)

***** Die kerkraad behou hom die reg voor om geen aanstelling te maak nie. *****

TERUG NA INHOUD

VAKATURE – TENTMAKERSPOS, NG VERKEERDEVLEI:

Enige gelegitimeerde leraar, insluitend emeriti van die NG Kerk is welkom om aansoek te doen. Vergoeding en diensure is onderhandelbaar wanneer die diensoorkoms opgestel word - 'n ruim pastorie is beskikbaar.

Verkeerdevlei is sowat 75 kilometer vanaf Bloemfontein geleë. Die gemeente bestaan uit ongeveer 100 lidmate, waarvan die meerderheid ouer as 50 is. Daar is omtrent 15 (voorskools tot graad 9) kinders in die kategesegroep. Hulle is 'n familiegrootte gemeente wat soos hul leuse dit stel, graag "in Jesus se Voetspore", wil volg. Hulle sien met entoesiasme uit na die volgende fase in die gemeente se pad saam met God.

Aansoeke kan tot Vrydag 31 Julie 2015 per e-pos gestuur word aan bornmanrita@gmail.com.

Vir meer inligting of enige navrae, kontak vir Rita Bornman (saakgelastigde) @ 083 242 9242, of vir Koos Viviers (hoofouderling) @ 082 375 7933.

TERUG NA INHOUD